Maak fotokopieë

Aktiwiteit 2: Maak genoeg kopieë van die fotokopieerbare bladsy vir elke leerder in die klas vir die volgende aktiwiteit. Die leerders sal hulp nodig hê met die doen van die aktiwiteit, maar dit is baie goed om te leer om instruksies te volg, asook vir fyn koördinasie en beplanning.

Vou ’n A4 bladsy soos volg:

- Vou die een hoek van die bladsye in die rigting van die pyltjie om ’n vierkant te maak.
- Knip die oorskietpapier af.



- Vou die vierkant oop.
- Vou nou die ander hoek na die teenoorstaande hoek om weer eens ’n driehoek te vorm.



- Vou die vierkant weer oop. Daar is nou twee voumerke oorkruis van hoek tot hoek in die papier soos hier geillustreer.



- Vou nou een hoek na die middel van die kruis soos aangedui.



- Doen dieselfde met die ander drie hoeke sodat jy ’n kleiner vierkant het.
- Draai nou die vierkant om sodat die onderkant na bo wys.
- Vou al vier hoeke weer na die middel soos aangedui.



- Maak nou al vier die voue oop sodat jy jou vingers in die hoeke kan plaas soos in die prentjie.

- Jy kan getalle of kleure op elke gevoude punt skryf.
- Speel die speletjie deur die hoeke agtereenvolgend oop en toe te maak terwyl jy tot by die getal wat daar geskryf is tel of die letters van die kleur uitspel.
- Die speletjie kan met jou maatije gespeel word.